

Groot kernkrag-planne

MARELIZE BARNARD

23/07/2009 10:54:46 PM - (SA)

Kaapstad. - Drie groot kernkrag-sentrales word beplan aan Suid-Afrika se kus – twee in die Wes-Kaap en een in die Oos-Kaap. Dit blyk uit 'n omgewingsimpakstudie deur die konsultantmaatskappy Arcus Gibb, wat nou voortgaan nadat dié grootskaalse kernkragprogram weens die omvang van die projek uit Eskom se hande geneem is.

Die regering dryf nou self die beplanning daarvan, blyk uit die impakstudie.

Die drie reuse- tradisionele kernkrag-sentrales sal elk meer as dubbel soveel krag as Koeberg kan opwek. Planne hi eroor is tot dusver nie baie luid verkondig nie.

Bouwerk aan die eerste van die drie sentrales, 'n 4 000 megawatt-kernkrag-sentrale by Duynefontein, Melkbosstrand, reg langs Koeberg, kan volgens 'n aangepaste regeringsplan reeds in Julie 2012 begin.

Dié sentrales staan voorlopig as Nuclear 1, 2 en 3 bekend.

Luidens 'n verslag deur Arcus Gibb kan die Duynefontein-terrein langs die bestaande Koeberg-krag-sentrale teen Januarie 2011 voorberei word. 'n Konstruksietydperk van ses jaar van die krag-sentrale, bekend as die Nuclear 1-program, kan teen 2012 begin. Die regering wil luidens die impakstudie samelopend hiermee ook met die Nuclear 2-program by Bantamsklip suidoos van Pearly Beach en Thyspunt in die Oos-Kaap naby Kaap St. Francis begin.

Volgens mnr. Andrew Kenny, 'n onafhanklike ingenieur en energiespesialis, is dit reuse-konstruksieprojekte waarby duisende kontrakteurs betrokke sal wees. Die impak op mense in die omgewing sluit in die verkeer wat met die grootskaalse konstruksie gepaardgaan, asook die sigbaarheid van die kernkrag-sentrale. Dit is soos nog drie Koeberg-krag-sentrales aan die Kaapse kusgebiede.

Soortgelyke reuse-kernkrag-sentrales word veral nou in China opgerig.

“Koeberg het wonderlike veiligheidsmeganismes. Die nuwe kernkragreaktors is ook besonder veilig. Dit kan beskou word as die veiligste industriële infrastruktuur wat in die Kaapse provinsies sal bestaan,” het Kenny gesê. Oor die kweiling oor radioaktiewe kernafval het Kenny die versekering gegee dit word na sy wete veilig geberg by Koeberg. Die twee eenhede by Koeberg vervaardig elk binne agttienmaande-siklusse sowat 20 ton radioaktiewe afval. Die radioaktiwiteit daarvan neem mettertyd af. Die hoëgraadse radioaktiewe afval word in spesiale staalkiste geberg, in metaalbuise van sowat 3,7 m lank en so dun soos 'n mens se pinkie.

Volgens Earthlife Africa is kernkrag die duurste vorm van kragopwekking. Steenkool, natuurlike gas, windkrag en sonkrag is goedkoper. Volgens Earthlife is die besluit oor nog kernkrag-aanlegte vir Suid-Afrika ná net ses maande verander. In Desember is kernkrag deur Eskom as te duur bestempel. Nou is die besluit verander.

Mnr. Tristen Taylor, energiebeleidsbeampte van Earthlife Africa, het gesê dit is ietwat van 'n deurmekaarspul met ministers wat mondelinge ondersteuning gee vir kernkrag en Eskom wat dit aan die ander kant nie kan bekostig nie. Voorheen is berig volgens koste-berekenings deur die Franse maatskappy Areva, asook Westinghouse van die VSA, is die koste van dié soort kernaanlegte hoër as R300 miljard.

REAKSIE

Mnr. Tristen Taylor, Earthlife Africa: “Daar is nie werklik 'n langtermyn-beleid vir die hantering van kernafval nie. Daar is nie 'n langtermyn- finansiële plan hiervoor nie.”

Mnr. Tony Stott, Eskom se kernkragwoordvoerder: “Die Nuclear 1-proses gaan steeds voort.”

Mnr. Andrew Kenny, onafhanklike ingenieur: “Steenkool en kernkrag behoort op 'n 50/50-basis gebruik te word om energie aan die land te verskaf.”

Mnr. Ian Neilson, onderburgemeester van Kaapstad: “Die regering doen nou die verdere beplanning en finansiering sodat die kostekwessie geskei kan word. Eskom se kredietgradering is onder druk en hy het aangedui hy kan dit nie bekostig nie.”

Die Nasionale Kernreguleerder (NKR), Eskom en Arcus Gibb, die ingenieurskonsultant wat betrokke is by 'n omgewingsimpakstudie, het skriftelike vrae versoek. Eskom het geantwoord hy sal gou antwoord, maar het teen druktyd nog nie gereageer nie. Ook die NKR het aangedui daar word aan die vrae gewerk, maar nie verder kommentaar gelewer nie.